basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DANSSTUDIES

RIGLYNE VIR
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2024

Hierdie riglyne bestaan uit 32 bladsye.
Hierdie riglyne moet in kleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INHOUD

1. INLEIDING 3

2. JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM 4

3. ADMINISTRASIE VAN PAT EN ONDERWYSERRIGLYNE 5

3.1 PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae 5
3.2 Assesserings en modereringsvereistes 5
3.3 PAT-implementering vir Dansstudies 5
3.4 Tydraamwerk 6
3.5 Joernaalvereistes 6
3.6 Voorbereiding 7
3.7 Lesbeplanning 7
3.8 Organisering van leerders 8
3.9 Ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede 8
3.10 Ondersoekgebaseerde leer 10
3.11 Voorbeelde van lesplanne 11
3.12 Stappe om leerders te begelei in die opstel van 'n finale produksie 19

4. PAT-TEMAS VIR 2024 21

5. LEERDERRIGLYNE 23

6. PAT-NASIENINSTRUMENTE 26

6.1 Kwartaal 1: PAT-proses-puntestaat 26
6.2 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – geskrewe werk 27
6.3 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – prakties 28
6.4 Kwartaal 2: PAT-produk-puntestaat 29
6.5 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – een-bladsy-programnota 30
6.6 Kwartaal 2: PAT produk-nasienrubriek – finale dansvertoning 31

7. INSPIRASIE EN HULPBRONNE 32

8. VERWYSINGS 32

9. GEVOLGTREKKING 32

AKRONIEME	
KABV	Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
PAT	Praktiese Assesseringstaak
PVA	Program van Assessering
SGA	Skoolgebaseerde Assessering
JOP	Jaarlikse Onderrigplanne

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe; Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n skriftelike formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak. Die vak Dansstudies het EEN praktiese assesseringstaak (PAT).

Hierdie dokument handel oor die NSS-V2-eksamen en die graad 12-PAT wat VERPLIGTE nasionale vereistes bevat waaraan alle provinsies moet voldoen.

Hierdie eksamenriglyne moet saam met die volgende dokumente gelees word:
- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS), Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV):* Dansstudies (die algemene doelstellings van die Suid-Afrikaanse kurrikulum kan op bladsye 4 en 5 gevind word)
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die *Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12*
- Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12*
- Hersiene Graad 12-KABV-wysigings 2020
- Hersiene Nasionale Herstelplan, KABV, Afdeling 4: 2021–2023
- Nasionale Herstelplan JOP'e (Jaarlikse Onderrigplanne)graad 10–12: 2023–2024

Dansstudies het ten doel om:
- Die liggaam as 'n instrument van uitdrukking te ontwikkel
- Veilige danspraktyke te bevorder
- Die leerder se danstegniek, styl, vorm en opvoervermoëns in 'n gekose dansvorm te ontwikkel
- Leerders aan danse van verskillende kulture bloot te stel
- Improvisasie en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel
- Leerders in staat te stel om hul eie choreografieë te skep, te vervaardig en aan te bied
- Die vermoë om krities te ontleed, te reageer, te geniet en oordeelkundige besluite oor dans te maak, te ontwikkel
- Deur middel van dans die vermoë om by sosiale, kulturele, omgewings- en gemeenskapskwessies betrokke te raak, te ontwikkel

2. JAARLIKSE ASSESSERINGPROGRAM

Daar is VYF formele take vir die jaar:

- **Taak 1, 2 en 3** is skoolgebaseerde assessering (SGA)
- **Taak 4** is 'n praktiese assesseringstaak (PAT) wat deel is van die finale eksamenpunt
- **Taak 5** is die NSS-Vraestel 2-eksamen en die NSS-Vraestel 1 geskrewe eksamen

GRAAD 12 JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM VIR DANSSTUDIES			
SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING – SGA = 25% VAN DIE JAARPUNT			
KWARTAAL 1	**KWARTAAL 2**	**KWARTAAL 3**	**KWARTAAL 4**
TAAK 1 Geskrewe toets = 50 punte (minimum)	**TAAK 2** Geskrewe toets = 100 punte (minimum)	**TAAK 3** Proefeksamen Vraestel 1 = 150 punte	
10% gewig	15% gewig	25% gewig	
Evalueringstaak = 50 punte (minimum)	Praktiese toets = punte	Evalueringstaak – Proefeksamen Vraestel 2 = 100 punte	
10% gewig	15% gewig	25% gewig	
Gewigswaarde van die drie take = 100% van die totale SGA-jaarpunt			
SGA = 25% VAN JAARPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)			
EKSAMENS = 75% VAN DIE JAARPUNT			
KWARTAAL 1	**KWARTAAL 2**	**KWARTAAL 3**	**KWARTAAL 4**
TAAK 4 PAT		**TAAK 5**	
PROSES **Prakties = 25 punte**	**PRODUK** **Prakties = 25 punte**	NSS Vraestel 2 eksamen = 100 punte	NSS Vraestel 1 eksamen = 150 punte herlei na 100 punte
Skriftelik = 25 punte	Skriftelik = 25 punte		
15%	15%	35%	35%
Gewigswaarde van die twee take = 100% van die totale EKSAMEN jaarpunt			
PAT = 100 punte: 25% EKSAMENPUNT (50% skriftelik & 50% prakties) **FINALE EKSAMEN = 200 punte: 50% VAN EKSAMENPUNT** **(50% geskryf en 50% prakties)**			

3. ADMINISTRASIE VAN DIE PAT EN ONDERWYSERRIGLYNE

Die doel en voordele van die PAT is om leerders inhoud, konsepte, vaardighede, bevoegdhede, houdings, waardes en noodsaaklike lewensvaardighede wat in die 21ste eeu nodig is, te leer. Die PAT moedig 'n aktiewe en kritiese leerbenadering vir leer aan, eerder as om gegewe waarhede soos 'n papegaai te leer ('rote learning'). Onderwysers is verantwoordelik daarvoor om hierdie proses saam met leerders te lei en te navigeer.

3.1 PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae

- Hierdie 2024 PAT-dokument moet in alle provinsies geïmplementeer word deur onderwysers en skole wat graad 12-Dansstudies aanbied.
- Die doel van hierdie riglyn is om gedetailleerde instruksies aan onderwysers en leerders te verskaf oor hoe om die PAT-inhoud te administreer en te bestuur om aan KABV-vereistes vir eksterne moderering te voldoen.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die aanbieding van bewyse van die PAT (video-opnames, joernale en programnotas) vir eksterne modereringsdoeleindes.

3.2 Assessering en modereringsvereistes

- Die gewigswaarde is 50/50 vir die praktiese en die geskrewe inhoud en mag nie aangepas word nie
- Die choreografie moet 2–3 minute lank wees.
- Die rekordhoudingblaaie op bladsy 17 en 20 moet gebruik word om die punte vir elke afdeling wat vir voltooiing van hierdie PAT vereis word, vas te lê.
- Die nasienrubrieke op bladsy 18, 19, 21 en 22 gee leiding oor hoe die punte volgens leerderprestasie toegeken moet word.
- 'n Nulpunt mag nie toegeken word nie, tensy 'n leerder by alle assesseringsareas afwesig was. In so 'n geval moet die nodige dokumentasie wat die redes vir nie-indiening staaf, voorsien word.
- Elke leerder word individueel nagesien. Hierdie punte moet hulle bydrae en deelname aan die proses en die finale vertoning/uitkoms van die PAT weerspieël.
- Die proses is dikwels meer onthullend van die werklike waarde van 'n leerder se deelname/voorbereiding/kennis/eksperimentering/kreatiwiteit behaal as die finale produk gelewer en moet dus noukeurig deur onderwysers gemonitor word.
- Die PAT kan as 'n openbare optrede/skoolopvoering/byeenkoms of in die dansklas gedoen word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die samestelling van video-opnames van elke leerder/groep se choreografie en die versameling van alle joernale en programnotas vir eksterne moderering.
- Puntestate met die leerders se name, datum van assessering, handtekeninge en punte moet in die onderwyser se portefeulje wees.
- Sodra die proses voltooi is, moet alle leerderjoernale en videobewyse beskikbaar wees vir interne HOD/provinsiale/DBO/Umalusi-moderering.

3.3 PAT-implementering vir Dansstudies

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale graad 12-VOO-bevorderingspunt.
- Indien 'n leerder versuim om die PAT te voltooi, sal die leerder aan die einde van die jaar 'n onvoltooide/onvoldoende resultaat kry.

KWARTAAL 1 PAT-PROSES	KWARTAAL 2 PAT-PRODUK	PAT-JAARPUNT (25%)
• 25 punte skriftelik • 25 punte prakties	• 25 punte skriftelik • 25 punte prakties	**100 PUNTE**
50 PUNTE	**50 PUNTE**	

3.4 Tydraamwerk

- Dit word aanbeveel dat die PAT in Kwartaal 1 en 2 gedoen word. Tyd moet binne die skoolrooster vir beide kwartale toegewys word. Dit moet beide die praktiese en geskrewe afdelings insluit.
- Bykomende tyd vir terugvoer en individuele aandag kan gedurende pouses/na skool tussen die onderwyser en die leerders gereël word. Dit sal onderwysers in staat stel om groepe by te staan/leiding in enige area/geestelike blokke wat hulle kan ervaar asook om raad vir verbeterings te gee.
- Finale assesseringsdatums moet vooraf aan die leerders/skool verskaf word.

3.5 Joernaalvereistes

- Elke leerder moet 'n aangewese joernaal hê vir die geskrewe inhoud van die proses en produk van die PAT. Die PAT moet nie in die taakboek gedoen word wat vir algemene studiedoeleindes gebruik word nie
- Die leerderopdrag (instruksies aan leerders) op bladsy 23–25 in hierdie PAT-dokument moet aan leerders gegee word sodat hulle bewus is van al die vereistes.
- Leerders moet die nasienkriteria (puntestate en rubrieke) op bladsy 26–31 voor die aanvang van die PAT ontvang om hulle beplanning en voorbereiding te lei.
- Alhoewel die geskrewe werk 'n persoonlike weergawe van die leerder se eie ervarings is, kan die onderwyser die besinnings-('reflection')proses lei.
- Daar word van onderwysers verwag om die leerders se geskrewe werk gereeld te lees en terugvoering vir verbetering in die joernale te gee. Gereelde terugvoer ten opsigte van verbetering moet ook tydens klastyd gegee word.
- Onderwysers moet verseker dat elke leerder 'n joernaal het en dat dit na elke PAT-les gebring word.
- Die joernaal kan in 'n hardekopieboek of digitaal gedoen word deur middel van digitale bronne soos Google Docs/Slides, Canva.
- Onderwysers moet die belangrikheid van die joernaal met die leerders bespreek.
  'n Joernaal is nuttig om:
  - Vordering te monitor
  - Algemene beplanning en voorbereiding te doen
  - Die gebruik van danselemente en choreografiese strukture te beplan
  - Produksie-elemente te ontwerp
  - Groep- en selfbesinning deur die hele proses te skryf
  - 'n Een-bladsy-programnota te beplan en te ontwerp
- Onderwysers moet leiding gee met betrekking tot die een-bladsy-programnota wat die volgende moet insluit:
  - 'n Titel
  - Sinopsis/Bedoeling
  - Die choreograwe, opvoerders en produksiespan
  - Kreatiewe ontwerp (kleur-, uitleg-, lettertipe- en fotokeuses)
- Die ontwerp van die programnota moet direk verband hou met die gekose tema/bedoeling.

3.6 Voorbereiding

- Daar word van onderwysers verwag om 'n onderrigplan, wat geskik is vir die onderrig- en leerkonteks van hul spesifieke skool, te ontwerp. Voorbeelde van lesplanne kan die volgende insluit:
  - Weeklikse plan (een les per week)
  - 'n Plan vir 15 minute aan die einde van elke praktiese les
  - Moduleplan (elke les vir een week per kwartaal)
- Leerders moet gedurende die hele proses onder toesig wees en mag nie die PAT gegee word om sonder toesig buite die skoolrooster te doen nie. Beide die praktiese en geskrewe komponente moet by die kwartaalbeplanning in berekening gebring word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die bestuur van die leerders na skoolure/gedeelde tyd vir die gebruik van lokale/toerusting, ens. en om hul veiligheid te verseker. Dit vereis dat onderwysers op die terrein is terwyl leerders repeteer.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die byhou van 'n register van bywoning van alle lesse vir alle leerders.
- Daar word van onderwysers verwag om die proses te monitor om te verseker dat punte geldig en betroubaar is.

3.7 Lesbeplanning

- 'n Effektiewe lesplan verhoog die leerkrag van leerders. Dit help leerders dus om van kennisontvangers na aktiewe soekers van leer en betrokkenheid te verander.
- Onderwysers moet gedetailleerde lesplanne opstel wat die proses wat leerders moet volg, uiteensit.
  - Besluit watter hulpbronne (video's, musiek, rekwisiete, ens.) benodig word
  - Beplanning van die praktiese en skriftelike aktiwiteite wat saam met die leerders uitgevoer moet word. Die geskrewe aspek moet weerspieël wat in die praktiese klas gedoen word.
  - Beplan navorsingsaktiwiteite, bv. om artikels te lees, video's te kyk, na potgooie te luister, breinkaarte te skep.
  - Fasiliteer improvisasie-aktiwiteite wat danselemente (ruimte, tyd en krag) en choreografiese strukture (kanon, stilte, unisoon, herhaling, motiewe, simmetrie en asimmetrie) ondersoek.
- Voorbeelde van lesplanne word op bladsy 11–18 vir onderwysers voorsien om as vertrekpunt vir verdere ontwikkeling te gebruik.

3.8 Organisering van die leerders

- Elke leerder moet 'n afskrif van die PAT-opdrag kry. As jy slegs in swart en wit kan druk, moet 'n ander opsie om die opdrag in kleur ten toon te stel, voorsien word, bv. projekteer op die bord, stuur 'n elektroniese weergawe van die PAT per e-pos of WhatsApp, druk een kleurweergawe uit en plak dit op die klaskamermuur.
- Onderwysers besluit hoe om die groepering van leerders te bestuur. Om die leerders self te laat kies, kan die volgende uitdagings bied:
  - Gevoelens kan seergemaak word as iemand uitgelaat word
  - Beste vriende werk nie altyd goed saam nie
  - 'n Groep leiers wat saamwerk, kan bots
  - 'n Groep volgelinge weet dalk nie waar om te begin nie, ens.
- Organiseer die leerders in groepe van 3–6 waar nodig.
- Indien hulle in 'n groep choreografeer, moet leerders EEN choreografiese werk waar alle lede van die groep 'n bydrae lewer, verskaf. Elke leerder moet egter hul eie individuele joernaal inhandig en 'n skriftelike weergawe van hul persoonlike bydrae tot die groep se choreografie gee.
- In die geval waar daar slegs 1 of 2 graad 12-leerders mag wees, kan dansers van ander grade gebruik word om in die choreografie/danswerk te dans.
- Die PAT vereis van leerders om 'n groepdans te produseer. Hulle mag nie 'n solo of duet vervaardig nie.
- Onderwysers moet die belangrikheid om by hul keuse te hou met leerders bespreek om te verseker dat tydraamwerke en sperdatums nagekom word.

3.9 Ontwikkeling van 21e-eeuse vaardighede

- Die 21ste-eeuse leerruimte bevorder die 4K's – koöperasie (samewerking), kritiese denke, kreatiwiteit en kommunikasie.
- 21ste-eeuse leer behels hoë denkvlakke, sosiale interaksie, betrokkenheid, die verkenning van digitale geletterdheid en die ontwikkeling van visuele geletterdheid.
- Die 21ste-eeuse onderwyser moedig bespreking aan, skep 'n gevoel van samesyn en stel leerders in staat om hul eie idees uit te spreek en leer deur digitale platforms te verken.
- Die 21ste-eeuse leerder verbind hom/haar daartoe om vaardighede te ontwikkel deur in groepe te werk, hulle vermoë om innoverend te wees op te bou en nuuskierige kennissoekers te wees om probleme op te los.
- Lesse moet daarop gemik wees om geleenthede in te sluit om 21ste-eeuse vaardighede te bevorder, die 4K's.

VOORGESTELDE AKTIWITEITE OM 21ste-EEUSE LEER TE BEVORDER

Kommunikasieversterkers:

- Sluit aktiwiteite in waar leerders in staat is om die PAT vir hulle eie lewens relevant te maak. Die choreografie-PAT is die ideale ruimte om persoonlike stories uit te druk/te vertel.
- Stel verskillende vorms van kommunikasie voor. Dink daaraan om alle vorms van kommunikasie in te sluit waar gereageer word op take wat in die PAT gestel is, soos boeke, visuele materiaal, potgooie, video's, besprekings, debatte, joernaalinskrywing, opstelle.

Kreatiwiteitversterkers

- Gee leerders 'n keuse oor waar om hulle choreografie uit te voer of hoe om hulle choreografie aan te bied om hulle kreatiwiteit aan te wakker.
- Stel 'n keusebord vir leerders voor sodat hulle kan besluit hoe hulle die inhoud wil leer.
- Dit het ten doel om verskeie leerstyle te akkommodeer.

Kritiesedenke-versterkers

- Skep ruimte vir leerders om vrae te vra. Wanneer die regte vrae gevra word, ontwikkel 'n dieper begrip van die inhoud.
- Gebruik ondervraging om inligting te verkry. Sluit geleenthede in om visuele geletterdheid te ontwikkel. Kyk en bespreek 'n kort video of kyk na 'n prent.
- Sluit gereelde selfrefleksie/-besinning en deel van kennis en ervarings in.

Samewerkingsversterkers

- Sluit aktiwiteite in waar leerders leeruitkomste in pare of spanne kan bereik. Die PAT is 'n projek waar saaamgewerk word.
- Aanlyn leerhulpmiddels vir samewerking is nuttig tydens groepwerk.
- In plaas daarvan om 'n muurkaart in die klaskamer te skep, probeer, byvoorbeeld, om 'n digitale deelmuur op Padlet te skep.

Aanlyn samewerkings- en hulpbronskakels

3.10 Ondersoekgebaseerde leer

Ondersoekgebaseerde Leer ('IBL') is 'n opvoedkundige benadering waar leerders aktief aan die leerproses deelneem en nuwe kennis ontdek. 'IBL' is op die 5E-raamwerk gebaseer, wat Betrek ('Engage'), Verken ('Explore'), Verduidelik ('Explain'), Brei uit ('Elaborate') en Evalueer ('Evaluate') insluit. Elke 'E' verteenwoordig 'n belangrike deel van die leerproses en bied 'n duidelike pad vir onderwysers en leerders aan om saam te werk om kennis te skep. Hierdie konsep moedig verkenning en ondersoek aan, terwyl dit leerders ook in staat stel om beheer oor hul leerproses te neem. Hierdie model moedig selfgerigte leer aan. Hierdeur kan leerders 'n padkaart ontdek wat nie net die opvoedkundige ervaring verbeter nie, maar ook die ontwikkeling van vaardighede wat nodig is vir sukses in 'n voortdurend veranderende wêreld bevorder.

BETREK	Bevorder nuuskierigheid en belangstelling in die onderwerp. Berei leerders voor vir nuwe kennis
VERKEN	Ondersoek deur praktiese ervaring en interaktiewe leeraktiwiteite
VERDUIDELIK	Onderwysers lei die verduideliking van nuwe inhoud, konsepte of terme. Leerders deel bevindinge en idees met ander
BREI UIT	Geleenthede om begrip te verdiep. Die toepassing van kennis deur leeraktiwiteite
EVALUEER	Assessering van begrip of voorstelling van kennis deur refleksie, joernaalinskrywings of aanbiedings

3.11 Voorbeelde van lesplanne

BETREK

BETREK BY LESPLAN
NAVORSING

LESDOELWITTE

Teen die einde van hierdie les/eenheid sal:

- Leerders hulle tema kan navors deur 'n verskeidenheid bronne te raadpleeg.
- Leerders hulle begrip van die temas, konsepte, emosies en simboliek wat in die choreografie PAT-stimulus voorkom, kan demonstreer.

PRAKTIESE AKTIWITEITE

AKTIWITEIT 1: NAVORSING DEUR VERSKEIE BRONNE TE GEBRUIK

Gee leerders riglyne oor hoe om navorsing effektief te doen. Moedig leerders aan om verskillende bronne soos boeke, webwerwe, potgooie, kunswerke, video's, ens. te verken om begrip van hulle gekose tema te verdiep. Verduidelik dat effektiewe navorsing vereis dat daar diep gedelf moet word in verskillende bronne om kennis in te samel en te help om 'n idee vir hul choreografie te skep.

GOOGLESOEKTOG
Kopieer een van die aanhalings/tekste wat verskaf word en plaas dit in 'n Google-soektog om meer inligting oor die aanhaling/teks uit te vind. Byvoorbeeld: Wie is die skrywer? Hoekom is dit geskryf? Waaruit is dit aangehaal? Het enige kunstenaars hierdie aanhaling/teks in hul werke gebruik?

ONDERSOEK VERSKEIE BRONNE:
Gee leerders die opdrag om drie verskillende soorte bronne te kies en dit na die volgende klas te bring.

AKTIWITEIT 2: BETREK VERSKEIE BRONNE

LEES EN NEEM VAN AANTEKENINGE
Gee leerders die opdrag om die boek/artikel/teks wat hulle verkry het te lees, aantekeninge te maak en sleutelidees te onttrek, om te besluit of dit hul choreografie kan inspireer.

KYK, LUISTER EN ONTLEED
Gee leerders die opdrag om aandagtig na die video wat hulle verkry het te kyk en kennis te neem van die bewegings, emosies en visuele elemente wat met hul gekose tema verbind word.

WAARNEMING EN ONTLEDING
Gee leerders die opdrag om die kunswerk/visuele wat hulle verkry het noukeurig waar te neem, en let op die gebruik van kleur, vorm, lyn, emosie, ens. en hoe hulle hierdie visuele elemente met hul choreografiese idees kan verbind.

KREATIEWE UITDRUKKING
Moedig leerders aan om met bewegings wat geïnspireer is deur die visuele elemente wat hulle waargeneem het, te eksperimenteer en hul interpretasies met die klas te bespreek.

SKRIFTELIKE AKTIWITEITE

TEMAVERKENNING:
Laat leerders toe om hul navorsing en insigte rakende hul temas met die res van die klas te deel. Dit kan deur kort aanbiedings of besprekings gedoen word. Om na hul portuurgroep se navorsings te luister, is nog 'n vorm van navorsing. Moedig leerders aan om aantekeninge te maak terwyl die aanbiedings plaasvind.

GROEPAKTIWITEIT: JOERNAALINSKRYWING
Gee leerders die opdrag om al hulle inligting in te samel, dit in Padlet te deel en te plaas. Skandeer die QR-kode wat jou sal lei om Padlet te gebruik of gebruik 'n lae-tegnologie benadering deur 'n samewerkingsmuur met kleefnotas ('sticky notes') in die klaskamer te skep.

INDIVIDUELE AKTIWITEIT: JOERNAALVRAE
Bespreek hoe die navorsing wat jy tot nou toe gedoen het jou kan help om jou tema te ontwikkel. Verduidelik hoe jou navorsing jou choreografie kan beïnvloed in terme van bewegingswoordeskat en produksie-elemente.

VERKEN

VERKEN LESPLAN
DANSELEMENTE EN CHOREOGRAFIESE STRUKTURE

LESDOELWITTE

Teen die einde van hierdie les/eenheid sal:
- Leerders danselemente en choreografiese strukture kan gebruik om bewegings te skep
- Leerders choreografiese strukture kan gebruik/kies om hul tema te verbeter

PRAKTIESE AKTIWITEITE

AKTIWITEIT 1: INLEIDING TOT DANSELEMENTE

Hersien die bewegings wat in die vorige les geskep is. Verken die skepping van bewegingsfrases met behulp van die danselemente.

RUIMTE
Begelei leerders om verskillende paaie in die ruimte te verken, soos reguit lyne, kurwes en vlakke, terwyl hulle die gebruik van die hele dansarea beklemtoon.

TYD
Inkorporeer ritmiese oefeninge en variasies in tempo om leerders te help om die belangrikheid van tydsberekening in dans te verstaan.

KRAG
Demonstreer en moedig leerders aan om die gebruik van verskillende energie of bewegingskwaliteite, soos glad, skerp, volgehou en plofbaar, te ondersoek om diepte en emosie by hul bewegings te voeg.

AKTIWITEIT 2: INLEIDING TOT CHOREOGRAFIESE STRUKTURE

Bied verskillende choreografiese strukture aan, soos herhaling, eenstemmigheid, kanon, motiewe en begin/middel/einde. Gebruik voorbeelde uit die danswerke wat leerders bestudeer as deel van Onderwerp 3: Dansgeskiedenis en Geletterdheid.

GROEPVERKENNING
Verdeel leerders in klein groepies en ken aan elke groep 'n spesifieke choreografiese struktuur toe. Gee leerders tyd om te eksperimenteer en kort dansroetine/frases met behulp van die struktuur wat aan hulle toegeken is, te skep.

GROEPAANBIEDING
Laat elke groep hulle dansroetine/frase aan die res van die klas voorlê. Volg dit op met 'n bespreking oor die effektiwiteit van die choreografiese struktuur in die oordra van die beoogde boodskap of bedoeling.

GROEPVERKENNING
Voorsien tyd vir individuele leerders om hulle eie choreografie te beplan en dinkskrum te hou deur 'n choreografiese struktuur wat ooreenstem met hul gekose tema of bedoeling te kies.

SKRIFTELIKE AKTIWITEITE

Lees die besinnings-('reflection')vrae aan die begin van elke les. Dit sal verseker dat die leerders betrokke bly en verstaan wat hulle aan die einde van die les moet bereik. Namate die choreografieproses voortgaan, kan leerders ook hul antwoorde aanpas. Moedig leerders aan om terug te gaan na vrae en die nodige aanpassings te maak namate hul choreografie ontwikkel.

Joernaalvrae:

1. Hoe het die gebruik van ruimte tot die algehele choreografie bygedra?
2. Hoe het jy variasies in energie, soos skerpte, vloeibaarheid, spanning en ontspanning, in jou choreografie geïnkorporeer/opgeneem?
3. Hoe het jy verbindings, kontraste of vennootskappe geskep om die visuele storievertelling te verbeter?
4. Het jy kanon, unisoon, oomblikke van stilte geïnkorporeer? Hoe het hierdie elemente tot die algehele dinamika en visuele aantrekkingskrag van jou dans bygedra?
5. Hoe het jy herhaling van bewegings of motiewe gebruik? Hoe het jy herhaling met variasies gebalanseer om belangstelling en samehang in jou choreografie te skep?
6. Hoe het jy aan die begin die gehoor se aandag getrek, betrokkenheid in die middel behou en aan die einde 'n bevredigende gevolgtrekking gemaak?

VERDUIDELIK

VERDUIDELIK LESPLAN
MUSIEK/BEGELEIDING VIR DANS

LESDOELWITTE

Teen die einde van hierdie les/eenheid sal:

- Leerders aan verskillende musiekgenres blootgestel word
- Leerders eksperimenteer met dansbewegings wat die unieke eienskappe en emosies van elke genre weerspieël
- Leerders ingeligte besluite kan maak oor hoe musiek 'n tema bevorder

PRAKTIESE AKTIWITEITE

AKTIWITEIT 1: INLEIDING TOT MUSIEKGENRES

GENRE-UITVOERING
Berei 'n speellys met 'n uiteenlopende verskeidenheid musiekgenres, insluitend klassiek, hip-hop, jazz, rock, pop, elektronies, Latyns, die gesproke word en gedigte voor.

GENRE-IDENTIFIKASIE
Speel kort uittreksels van elke genre en laat leerders die genre op grond van sy eienskappe, ritme en instrumentasie identifiseer.

EMOSIES EN TEMAS
Bespreek die emosies en temas wat algemeen met elke genre geassosieer word bv. jazz kan gevoelens van improvisasie en vryheid ontlok, terwyl elektroniese musiek futuristiese en robotbewegings kan inspireer.

BEWEGINGSVERKENNING
Verdeel leerders in klein groepies en ken aan elke groep 'n spesifieke musiekgenre toe. Gee hulle tyd om vrylik met dansbewegings te eksperimenteer wat met die genre aan hulle toegewys, resoneer.

AKTIWITEIT 2: DIE SKEP VAN DANSBEWEGINGS OP VERSKILLENDE GENRES

GENRES-DANSWERKSWINKEL
Verdeel die klas in stasies wat elk 'n ander musiekgenre verteenwoordig. By elke stasie sal leerders bewegings ondersoek en oefen wat die spesifieke genre weerspieël.

IMPROVISASIESESSIE
Laat die leerders toe om in pare of kleingroepe aan 'n improvisasiesessie deel te neem waar hulle beurte neem om verskillende musiekgenres te speel, terwyl ander die musiek deur dansbewegings interpreteer.

CHOREOGRAFIE-ONTWIKKELING
Voorsien tyd vir individuele leerders om een of meer musiekgenres te kies waarby hulle spesifiek aanklank vind em kort choreografiese stukke ontwikkel wat hulle begrip en interpretasie van die musiek ten toon stel.

OPVOERING EN TERUGVOERING
Gee elke leerder die geleentheid om hul choreografiese stuk vir die klas op te voer. Moedig terugvoering aan na elke opvoering en bespreek hoe die bewegings ooreenstem met die gekose musiekgenre en emosies.

SKRIFTELIKE AKTIWITEITE

Joernaalvrae:

1. Bespreek die belangrike verband tussen dans en musiek om 'n choreografie te verbeter.
2. Watter musiekgenres komplementeer die tema van jou choreografie? Gee redes vir jou keuses.
3. Hoe het die verskillende musiekgenres jou bewegings beïnvloed? Het jy enige spesifieke patrone of style wat by elke genre na vore gekom het, raakgesien?
4. Besin oor die emosies en temas wat met elke musiekgenre geassosieer word. Hoe het jy hierdie elemente in jou choreografie geïnkorporeer?

BREI UIT

BREI UIT OP DIE LESPLAN
PRODUKSIE-ELEMENTE

LESDOELWITTE

Teen die einde van hierdie les/eenheid sal:

- Leerders verstaan hoe belangrik dit is om produksie-elemente vir 'n danswerk te beplan, insluitend kostuums, beligting, musiek en rekwisiete
- Leerders kan ontleed hoe hierdie elemente tot die algehele aanbieding bydra en die gehoorervaring verbeter
- Leerders 'n goeie- uitgewerkte programnota kan skep wat die bedoeling van die choreografie kommunikeer

PRAKTIESE AKTIWITEITE

AKTIWITEIT 1: INLEIDING TOT PRODUKSIE-ELEMENTE

Begin met 'n bespreking oor die verskillende produksie-elemente wat tot 'n bydrae tot 'n dansuitvoering lewer, soos kostuums, beligting, musiek en rekwisiete. Verduidelik hoe hierdie elemente die storievertelling en visuele aantrekkingskrag van 'n choreografie kan verbeter.

KOSTUUMONTWERP EN –KEUSE
Bespreek die rol van kostuums in die oordra van karakters, emosies en temas. Wys voorbeelde van verskillende kostuumstyle en die potensiële impak daarvan op die choreografie. Laat leerders 'n dinkskrum hê oor kostuumidees vir hulle choreografie, met inagneming van kleurpalette, style en bykomstighede.

BELIGTING EN ATMOSFEER
Stel die konsep van beligtingsontwerp in dansoptredes bekend. Bespreek hoe beligting die atmosfeer kan bepaal, fokuspunte kan beklemtoon en die visuele elemente van die choreografie kan versterk. Wys voorbeelde van beligtingsopstellings wat met verskillende dansstyle en emosies in lyn gebring word.

MUSIEKKEUSE EN REDIGERING
Verduidelik die belangrikheid van musiek in danschoreografie, insluitend ritme, tempo en emosionele resonansie. Begelei leerders om musiek te kies wat hul choreografie-tema en -styl komplementeer. Bespreek basiese musiekredigeringstegnieke om te verseker dat die musiek by die verlangde lengte en atmosfeer pas.

REKWISIETE EN STELONTWERP
Bespreek die gebruik van rekwisiete en stelstukke om storievertelling en visuele belangstelling te versterk. Gee voorbeelde van kreatiewe maniere om rekwisiete in choreografie te integreer. Moedig leerders aan om 'n dinkskrum te hou oor idees vir rekwisiete wat met hul choreografie-konsep ooreenstem. Voorsien leerders van 'n kontrolelys vir die voorbereiding van hul produksie-elemente:

- Kostuums gefinaliseer en aangepas
- Beligtingsaanwysings beplan en getoets
- Musiek geredigeer en gereed
- Rekwisiete georganiseer en geoefen

Gee leerders tyd om hul choreografie met produksie-elemente in te oefen.

EVALUEER

EVALUEER LESPLAN
ONTWERP 'N PROGRAMNOTA

LESDOELWITTE

Teen die einde van hierdie les/eenheid sal:
- Leerders in staat wees om 'n programnota te konseptualiseer en te skep
- Leerders kan besin en vir die finale opvoering voorberei

PRAKTIESE AKTIWITEITE

AKTIWITEIT 1: ONTWERP VAN 'N PROGRAMNOTA

INLEIDING
Begin deur die doel van 'n programnota vir 'n dansuitvoering te bespreek. Verduidelik dat dit die gehoor insig in die choreografie-konsep, inspirasie en konteks gee.

VOORBEELD ANALISEER
Versprei uitdeelstukke met voorbeelde van goedgeskrewe programnotas van vorige optredes. Laat leerders in pare of kleingroepe die voorbeelde lees en ontleed. Moedig hulle aan om sleutelelemente te identifiseer, soos die choreograaf se stelling, temas en enige agtergrondinligting wat verskaf word.

IDENTIFISERING VAN SLEUTELELEMENTE
Lei 'n klasbespreking om die sleutelelemente te identifiseer: die choreograaf se stelling, perspektief op die stuk se betekenis en belangrikheid.

TEMA EN KONSEPTE
Waaroor die choreografie gaan en die emosies of idees wat dit wil oordra. Invloede en inspirasie: Enige bronne, kunstenaars of ervarings wat die choreografie geïnspireer het.

KONTEKS
Inligting oor die musiek, kostuums en enige ander relevante produksie-elemente

SKRIFTELIKE AKTIWITEITE

Joernaalvrae:

PRODUKSIEBEPLANNING

1. Hoe het jy jou kostuums gekies en hoe dra dit by tot die algehele boodskap van jou choreografie?
2. Hoe het jy beligting gebruik om spesifieke oomblikke te verbeter of 'n sekere atmosfeer in jou choreografie te skep?
3. Beskryf die musiek wat jy gekies het en hoe dit die bewegings en emosies wat jy uitbeeld, komplementeer.
4. Het jy enige uitdagings in die gesig gestaar toe jy rekwisiete in jou choreografie geïntegreer het? Indien wel, hoe het jy hierdie uitdagings oorkom?
5. Hoe het samewerking oor produksie-elemente met jou portuurgroep die uitkoms van jou dansstuk beïnvloed?

Werk saam met elke groep/leerder deur die finale kontrolelys om te verseker dat hulle aan die vereistes vir opvoering voldoen

FINALE-OPVOERING-KONTROLELYS

- **Kostuums** is goed toegerus, skoon en geskik vir die choreografie.
- **Beligtingsaanwysings** is beplan, getoets en in ooreenstemming met die choreografie-dinamika.
- **Musiek** is tot die regte lengte geredigeer en ondersteun die atmosfeer en tempo van die dans.
- **Rekwisiete** is gerepeteer en naatloos in die choreografie geïntegreer.
- Dansers is vertroud met die produksie-elemente en hul **seine ('cues')** tydens die opvoering.

Wanneer leerders deur hierdie stappe, besprekings en refleksies gelei word, kan jy hulle help om die belangrikheid van produksie-elemente te verstaan en op 'n suksesvolle dansopvoering voor te berei.

PROGRAMNOTA

DINKSKRUM
Laat leerders hulself verbeel dat hulle choreograwe is wat hul stukke in 'n dansopvoering aanbied. Vra hulle om hul gedagtes neer te skryf oor elke sleutelelement wat vroeër geïdentifiseer is. Hulle kan kolpunte of kort sinne gebruik.

SKRYFOEFENING
Gee leerders die opdrag om hul dinkskrum-idees te gebruik om 'n bondige programnota vir hul danschoreografie te maak. Herinner hulle daaraan om te fokus op duidelikheid, samehang en om die bedoeling van hulle stuk in 'n paar paragrawe vas te lê.

DEEL EN TERUGVOERING
Nooi vrywilligers om hul programnotas met die klas te deel. Gee konstruktiewe terugvoering oor duidelikheid, inhoud en algehele impak. Moedig die portuurgroep aan om voorstelle vir verbetering aan te bied.

HUISWERK
Vra leerders om hulle programnotas te hersien en te finaliseer op grond van die terugvoering wat tydens die aktiwiteit ontvang is. Moedig hulle aan om hul programnotas te hou as verwysing vir toekomstige optredes. Deur leerders by hierdie aktiwiteit te betrek, sal jy hulle help om die vaardighede te ontwikkel om hulle artistiese bedoeling effektief te kommunikeer en 'n betekenisvolle verband tussen hulle choreografie en die gehoor te skep deur middel van 'n goedgeskrewe programnota.

3.12 Stappe om leerders te begelei om 'n finale produk op te stel

1. Om 'n denkproses in 'n konkrete konsep te omskep deur die gekose tema na te vors/ondersoek

- Onderwysers moet leerders met hul navorsing begelei en help beplan en eksperimenteer om die tema/bedoeling in choreografie uit te beeld.

2. Interpretasie van die gegewe idee/tema/verhaal in relevante bewegingswoordeskat

- Onderwysers sal leerders moet herinner aan en verduidelik hoe om improvisasie en verkenning te gebruik om relevante bewegingswoordeskat wat simbolies van hulle gekose tema is, te skep.
- Onderwysers sal leerders moet begelei hoe om dit te verken deur gebare, motiewe en kort bewegingsfrases te gebruik.

3. Inkorporeer danselemente (ruimte, tyd en krag)

- Onderwysers sal die gebruik van danselemente in alle klasse moet inkorporeer sodat leerders 'n diepgaande begrip kan hê van hoe dit gebruik kan word.
- Voorbeelde: ruimte – verkenning van verskillende vlakke, positiewe en negatiewe ruimte, rigtings, unisoon, begin en einde.
- Tyd – ondersoek die spoed van bewegings, stilte, kanon en unisoon, ens.
- Krag – verkenning van dinamika, kontras, bewegingskwaliteit, (bv. sag, hard, rof en sag).

4. Inkorporering van choreografiese strukture/toestelle

- Let daarop dat dit met danselemente oorvleuel.
- Onderwysers sal aktiwiteite wat verskillende choreografiese strukture ondersoek, moet fasiliteer (bv. kanon, unisoon, patroonvorming, stilte, motiewe, tegnologie, herhaling) en leerders help om choreografiese strukture wat gepas is vir die tema/bedoeling van hulle choreografie te kies en toe te pas.

5. Verken verskillende tipes musiek en/of begeleiding

- Onderwysers word aangemoedig om 'n verskeidenheid verskillende musieksoorte en begeleiding in praktiese klasse te gebruik.
- Onderwysers sal leerders moet begelei in die keuse van musiek en/of begeleiding wat gepas is vir die tema/bedoeling van hulle choreografie.
-

6. Seleksie en redigering

- Onderwysers moet leerders begelei oor hoe om die mees relevante bewegingswoordeskat wat hulle tydens die eksperimenteringsproses ontwikkel het, te kies.
- Onderwysers sal leerders moet begelei oor hoe om 'n geskikte uitvoeringsruimte vir die choreografie (konvensionele/nie-konvensionele ruimtes) te kies.

7. Ontwerp van produksie-elemente

- Beplanning vir die gebruik van produksie-elemente deur elke leerder moet nie tot hul werklike opvoering beperk word nie.
- Leerders moet aangemoedig word om dit wat hulle in die produksie sou gebruik, indien hulle toegang tot onbeperkte hulpbronne gehad het, te ontwerp/skep/konseptualiseer.
- Die relevansie/simboliek van hoe produksie-elemente die betekenis van die werk sal versterk moet in die leerderjoernale verduidelik word.
- Onderwysers moet simboliek bespreek en die leerders daaraan herinner hoe dit gebruik kan word om die choreografie te verbeter.

8. Repeteer en rond die danswerk af vir 'n finale aanbieding

- Onderwysers moet leerders aanmoedig om addisionele tyd buite klastyd te vind om hulle werk te oefen en netjies te maak.

9. Ontwerp 'n een-bladsy-programnota

- Onderwysers moet leiding gee oor die vereistes en inhoud van die programnota.

10. 'n Egtheidsbrief/Verklaring van egtheid word van elke leerder vereis wat verklaar dat hulle nie met hulle choreografie plagiaat gepleeg het nie.

11. Leerderrefleksies

- Onderwysers moet die leerders regdeur die PAT begelei om groepsbesinning oor die proses te doen. 'n Finale groepsbesinning oor hoe die groep gewerk het (interaksies, positiewe en negatiewe waarnemings) moet in die joernaal voltooi word wanneer die finale produk aangebied word.
- Onderwysers moet die leerders regdeur die PAT begelei om selfbesinning oor die proses te doen. 'n Finale selfbesinning (sterk punte/swak punte/groei) moet in die joernaal voltooi word wanneer die finale produk aangebied word.

4. PAT-TEMAS VIR 2024

IDEA 1:

" I used to float, now I just fall down
I used to know but I'm not sure now
What I was made for
What was I made for?"
-Billie Eilish, What was I made for

IDEA 2:

Maybe anger is like a river. Maybe it crumbles everything around it. Maybe it hides so many skeletons beneath the rolling surface.
-Elizabeth Acevedo, Clap When You land

VERTALING VAN IDEES 1 EN 2 HIERBO

IDEE 1

'Ek het gesweef, nou val ek net.
Ek het geweet maar
Nou is ek nie meer seker
Waarom ek gemaak is nie
Waarvoor is ek gemaak?'

–Billie Eilish, What was I made for?

IDEE 2

Miskien is woede soos ’n rivier.
Miskien verbrokkel dit alles wat daar rondom is.
Miskien verberg dit soveel geraamtes onder die aanrollende oppervlak.

–Elizabeth Acevedo, Clap When You land

IDEE 3:

"Ek is nie gewoond daaraan om te haat nie.
Haat sit swaar op my hart.
Dit ruik.
Ek kan ruik hoe dit in my binneste vrot
en ek proe dit op my tong."

-Kopano Matlwa,
Coconut-

IDEE 4:

5. LEERDERRIGLYNE

CHOREOGRAFIE-PAT

BEGIN

NAVORSING Kyk hierdie video oor hoe om 'n konsepkaart te skep

Nou kan jy jou navorsingsproses vir jou PAT begin. Daar is baie verskillende maniere om navorsing te doen enigiets wat jy navors is geldig. Gebruik boeke, webwerwe, potgooie, video's om 'n idee of konsep vir jou choreografie te skep. Dokumenteer alles in jou joernaal!

ONDERSOEK

ONTWIKKELING VAN BEWEGING

Jou onderwyser sal praktiese ondersoek lesse gee sodat jy jou bewegingswoordeskat kan ontwikkel.

Verbeel | Ondersoek | Skep

Dink uit die boks en gebruik jou navorsing om jou nuwe bewegingswoordeskat te lei.

Skandeer of klik die speel knoppie vir 'n paar wenke!

RUIMTE | TYD | KRAG

Kyk hoe hierdie dansers ruimte,krag en tyd gebruik

Ruimte:
Om verskillende vlakke, rigtings, patrone ens. te gebruik kan jou dans meer interessant laat lyk

Tyd:
Deur verskillende tipes musiek te ondersoek, kan bepaal hoe vinnig of stadig jou bewegings sal wees - kies die musiek wat aan jou tema sal laat reg geskied

Krag:
Om verskillende hoeveelheid energie in jou bewegings te gebruik sal help om die tema uit te beeld

VERKEN

CHOREOGRAFIESE STRUKTURE

Choreografiese strukture is nou gekoppel aan danselemente en voeg dimensie aan jou choreografie. Die gebruik van kanon, unisoon, stilte, kontakwerk en verskeie ander choreografiese strukture sal jou tema beklemtoon. Wanneer jy beweging saam met jou groep verken, eksperimenteer met verskillende choreografiese strukture om jou gekose tema te versterk.

MUSIEK

Jou keuse van musiek is 'n belangrike deel van jou proses aangesien dit jou toelaat om beweging aan musiek te koppel. Moenie bang wees om verskeie musiekgenres te verken nie, want dit kan jou inspireer en help om die bedoeling van jou choreografie uit te beeld. Dit is belangrik vir julle groep om musikaliteit te ontwikkel om interpretasie en verbintenis met die musiek te toon

VERDUIDELIK

BREI UIT

PROGRAMNOTA VOORBEELD:

Skandeer of klik my

PRODUKSIE-ELEMENTE

Om jou produksie-elemente te beplan is 'n opwindende taak.

|Daar is geen grense nie!|

Ontwerp kostuums
Beplan beligting
Redigeer musiek
Beplan jou stelontwerp
Organiseer 'n geleentheid
Skep 'n plakkaat
Ontwerp 'n advertensie op sosiale media

OPVOERINGS-KONTROLELYS

Sodra jy die kontrolelys hieronder voltooi het, behoort jy opvoeringsgereed te wees

- Musiek is gesny en gereed
- Opvoerruimte is gereed
- Kostuums is gereed
- Programnota is voltooi
- Joernaal is voltooi
- Choreografie is opvoeringsgereed

EVALUEER

|Einde|

'N VERKLARING VAN EGTHEID MOET VOOR IN JOU JOERNAAL GEPLAK WORD

VERKLARING VAN EGTHEID	
Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en onderteken word en deur die onderwyser onderteken word en dek alle ingediende bewyse.	
Leerder naam en van:	Datum:
Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK alles my eie werk is en geen werk deur iemand anders as deur myself of my groep insluit nie. Ek het hierdie taak voltooi volgens instruksies en binne die vasgestelde tydsbeperkings.	
Leerder handtekening:	Datum:
Onderwyser se bevestiging Namens …… ... (skoolnaam), verklaar ek dat die bogenoemde leerder, na my beste wete, die choreograaf is van die voltooide opdrag wat aangeheg is en dat die assessering onder die vereiste toestaande voltooi is.	
Onderwyser se handtekening:	Datum:
Skoolhoof se handtekening:	Datum:

6. PAT-NASIENINSTRUMENTE

6.1 Kwartaal 1: PAT-prosespuntestaat

NAAM VAN SKOOL: NAAM VAN ONDERWYSER(S): ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E): TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE: HVD/MODERATOR SE HANDTEKENING:	Leerder 1	Leerder 2	Leerder 3	Leerder 4	Leerder 5	Leerder 6
KWARTAAL 1-PROSES: GESKREWE WERK IN JOERNAAL						
1. Navorsing/Ondersoek oor gekose tema/bedoeling/idee om 'n danswerk te konseptualiseer						
2. Verduidelik die gebruik van improvisasie by die ontwikkeling van relevante bewegingswoordeskat/ simboliek						
3. Verduidelik die keuse van musiek/begeleiding en hoe dit die danswerk verbeter/versterk het/ bygedra het tot die danswerk						
4. Die redes vir die finale keuse van opvoerruimte/film. Die verkenning en gebruik van danselemente en choreografiese strukture						
5. Beplan die produksie-elemente en hoe dit die danswerk/simboliek versterk het						
6. Besin oor hoe die groep op mekaar inwerk en saamwerk. Selfbesinning oor deelname en ontwikkeling						
SUBTOTAAL 25						
KWARTAAL 1-PROSES: PRAKTIESE ONTWIKKELING VAN PAT IN DIE KLAS						
7. Voorbereidheid, toewyding en bydrae tot 'n groepdans						
8. Improvisasie wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering van die leerderopdrag toon						
9. Eksperimentering met musiek/begeleiding – keuse om die dans te verbeter						
10. Verkenning van produksie-elemente, film/konvensionele/nie-konvensionele dansruimtes. Eksperimenteer met danselemente en choreografiese elemente/-strukture.						
11. Produksiebeplanning toon 'n duidelike visie van finale produk						
12. Spanwerk (mense en tydsbestuursvaardighede). Leierskap en organisatoriese vaardighede						
SUBTOTAAL 25						
TOTALE HOLISTIESE PUNT VAN LEERDERPRESTASIE 50						

6.2 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Geskrewe Werk

KWARTAAL 1: GESKREWE WERK IN JOERNAAL – 25 PUNTE *Die leerder kan oor die volgende areas met insig en begrip skryf:*		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
1. Navorsing/Ondersoek: Konseptualisering van denkprosesse deur middel van navorsing/ondersoek na 'n konkrete konsep vir die gekose tema	**Navorsing/Ondersoek:** Aanpassing van denkprosesse deur middel van navorsing/ ondersoek na 'n konsep vir die gekose tema	**Navorsing/Ondersoek:** Geleide reaksie op navorsing/ ondersoek na 'n konsep vir die gekose tema
2. Improvisasie: Ontleding van improvisasie/ eksperimentering en abstraksie van bewegingstrategieë om 'n bewegingswoordeskat te ontwikkel wat vir die gekose tema geskik is	**Improvisasie:** Verduideliking van improvisasiestrategieë om nuwe bewegingswoordeskat deur eksperimentering te ontwikkel vir die gekose tema	**Improvisasie:** **Lys** van improvisasiestrategieë met geleide instruksies gedoen
3. Musiek/Begeleiding: Evaluering van hoe musiek/ begeleiding gekies is – proses/ redes en hoe dit die gekose tema verbeter het	**Musiek/Begeleiding:** Verduideliking van hoe musiek/ begeleiding gekies is en hoe dit die gekose tema verbeter het	**Musiek/Begeleiding:** Identifisering van musiek/ begeleiding vir die gekose tema gebruik
4. Verkenning van produksie-elemente: Ontleding van hoe opvoerruimte/ film/danselemente/ choreografiese strukture ondersoek is en finale keuses gemaak is om die gekose tema te verbeter	**Verkenning van produksie-elemente:** Verduidelik die keuse van opvoerruimte/film/ danselemente/choreografiese strukture wat in die gekose tema geïnkorporeer/gebruik moet word	**Verkenning van produksie-elemente:** Identifiseer opvoerruimte/ film/danselemente wat in die gekose tema gebruik moet word
5. Produksiebeplanning: Skep 'n samehangende plan om alle areas van produksie te inkorporeer en hoe dit die beoogde danswerk/simboliek sal verbeter	**Produksiebeplanning:** Toon kennis van produksie-elemente en hoe om dit by die gekose tema in te sluit	**Produksiebeplanning:** Identifiseer produksie-elemente
6. Besinning oor groep/self: Evalueer sterk- en swak punte/ magsverhoudings/ leierskaprolle/spanwerk/insette /voorbereidheid/ toewyding en kan strategieë vir verbetering in Kwartaal 2 aanbeveel	**Besinning oor groep/self:** Beskryf sterk en swak punte/ spanwerk/insette/voorbereidheid/ toewyding en kan strategieë vir verbetering in Kwartaal 2 aanbeveel	**Besinning oor groep/self:** Noem sterk- en swak punte gedurende die proses om 'n danswerk te skep. Kan nie sinvol reflekteer nie

6.3 KWARTAAL 1: PAT-proses-nasienrubriek – Prakties

KWARTAAL 1: PAT-PROSES PRAKTIES – 25 PUNTE *Die leerder kan betrokke raak by improvisasie en eksperimentering met visie/insig oor hoe om 'n danswerk te ontwikkel (toon driejaar-VOO-ontwikkeling).*		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
7. Gereedheid/Toewyding/ Bydrae: Toegewyde deelname aan die ontwikkeling van 'n betekenisvolle danswerk/betekenis- en sinvolle bydrae in elke les/insiggewende begrip van hoe om voor te berei	**Gereedheid/Toewyding/ Bydrae:** Gedissiplineerde deelname aan ontwikkeling van 'n danswerk/dra tot elke les by/ toon begrip van hoe om voor te berei	**Gereedheid/Toewyding/ Bydrae:** Onverskillige deelname aan ontwikkeling van 'n danswerk/ minimale bydrae tot elke les/ geen begrip van hoe om voor te berei nie
8. Improvisasie: Artikuleer veelvuldige/kreatiewe improvisasiestrategieë om relevante bewegingswoordeskat vir die gekose tema te ontwikkel	**Improvisasie:** Eksperimentering met veelvuldige improvisasie-strategieë om bewegings-woordeskat vir die danswerk te ontwikkel	**Improvisasie:** Begeleide reaksie op improvisasiestrategieë om bewegingswoordeskat vir die danswerk te ontwikkel.
9. Musiek/Begeleiding: Interpretasie en ondersoek van die gekose musiek/begeleiding om musikaliteit en opvoerkwaliteit te ontwikkel	**Musiek/Begeleiding:** Eksperimenteer met die gekose musiek/begeleiding om die gekose tema te ontwikkel	**Musiek/Begeleiding:** Onentoesiastiese deelname/ stem saam met die musiek/ begeleiding wat deur die groep verskaf word
10. Verkenning van produksie-elemente: Kreatiewe verkenning van geskikte produksie-elemente om die gekose tema uit te beeld en toon 'n diepgaande begrip van komposisiestrukture (opvoerruimtes/ danselemente/choreografiese strukture/tegnologie)	**Verkenning van produksie-elemente**: Verkenning van produksie-elemente vir die uitdrukking van die gekose tema wat 'n begrip van opvoerruimtes/dans-elemente/choreografiese strukture/tegnologie toon	**Verkenning van produksie-elemente**: Minimale/Geen verkenning van produksie-elemente vir die uitdrukking van die gekose tema/geen bewys van driejaar-VOO-voorbereiding nie
11. Produksiebeplanning: Verkenning van alle areas gedurende die proses voordat finale besluite vir die gekose tema geneem word	**Produksiebeplanning:** Sommige areas is tydens die proses ondersoek voordat finale besluite vir die gekose tema geneem word	**Produksiebeplanning:** Minimale/Geen inagneming is tydens die proses om finale besluite vir die gekose tema te neem, gegee nie
12. Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede: Samewerking met groepslede dra ten volle by tot die algehele sukses van die danswerk deur probleme te bestuur en uitstekende organisatoriese vaardighede	**Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:** Dra by tot die algehele sukses van die danswerk deur deelname en samewerking met groepslede	**Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:** Volg groepslede en sukkel om by te dra tot die algehele sukses van die danswerk

6.4 Kwartaal 2: PAT-produk-puntestaat

NAAM VAN SKOOL: **NAAM VAN ONDERWYSER(S):** **ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):** **GESELEKTEERDE TEMA:** **TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:** **HVD/MODERATOR SE HANDTEKENING:**	**Leerder 1**	**Leerder 2**	**Leerder 3**	**Leerder 4**	**Leerder 5**	**Leerder 6**
KWARTAAL 2-PRODUK: EEN A4-BLADSY-PROGRAMNOTA *Elke leerder moet 'n programnota saamstel wat hul gekose tema insluit. Dit kan in harde kopieë of elektronies ingedien word om driejaar-VOO-ontwikkeling in ontwerpvaardighede te toon.*						
1. Sinopsis: Die opdrag is verstaan en die gekose tema is vasgelê en deur woorde/gedigte/aanhalings/ beelde/prente, ens. uitgedruk						
2. Inhoud: • Titel van die danswerk • Die choreograaf (leerder in die groep wat indien) en kort agtergrondinligting • Dansers – name van die ander dansers in die groepdans • Musiek/Begeleiding om erkenning van die kunstenaar/groep, die snit gebruik, ens. in te sluit						
3. Ontwerp-elemente: Geskik vir die gekose tema, kreatiwiteit, aandag aan detail (uitleg, font, prente/beelde, spasiëring, kennis van visuele geletterdheid wanneer 'n programnota aangebied word)						
4. Algehele indruk: Programnota toon 'n samehangende aanbieding met denke en moeite wat in die finale produk ingesit is						
SUBTOTAAL 25						
KWARTAAL 2-PRODUK: FINALE DANSVERTONING						
5. Interpretasie van die 2024-PAT-leerderopdrag: • Die gekose tema is duidelik herkenbaar in die finale danswerk • Die gebruik van dans- en choreografiese elemente toon kreatiwiteit en relevansie van die gekose tema • Die bewegingswoordeskat word simbolies gebruik om die gekose tema uit te beeld • Produksie-elemente en musiek/begeleiding is relevant en verbeter/versterk die gekose tema • Opvoerruimtes (konvensioneel of nie-konvensionele ruimte) of opvoeraanbieding (verfilm/lewendige optrede)						
6. Opvoerkwaliteit: • Spanwerk: interpretasie van bewegings, en vermoë om by 'n gehoor aan te sluit/impak. • Fokus en toewyding						
7. Algehele indruk van die finale danswerk met inagneming van alle areas						
SUBTOTAAL 25						
HOLISTIESE PUNTE VAN PRESTASIE (Geskrewe en Prakties) **50**						
TOTALE PUNT OOR TWEE KWARTALE 100						

6.5 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Een-bladsy-programnota

KWARTAAL 2: PAT-PRODUK GESKREWE – EENBLADSY-PROGRAMNOTA – 25 PUNTE ***Die leerder kan 'n sinvolle programnota met insig en begrip van ontwerpelemente maak:***		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
1. Sinopsis: Konseptualisering en produksie van 'n relevante/ insiggewende programnota wat belangstelling by die kyker sal skep en die gekose tema vasvang	**Sinopsis:** Die vervaardiging van 'n programnota wat inligting aan die kyker sal verskaf	**Sinopsis:** Basiese nota verskaf/geen begrip van ontwerpelemente en doel van 'n programnota nie
2. Inhoud: • 'n Relevante titel wat diepsinnig oor die gekose tema is • Interessante insig in die choreograaf • Dansers is erken • Musiek/Begeleiding is erken	**Inhoud**: • 'n Titel is verskaf wat in 'n mate met die gekose tema verband hou • Choreograaf is ingesluit • Dansers is erken • Musiek/Begeleiding is erken	**Inhoud**: • Sommige van die vereiste areas van die programnota is ingesluit • Minimale begrip van vereistes
3. Ontwerpelemente: Gepas vir gekose tema wat kreatiwiteit en aandag aan detail toon: uitleg, fonte, beelde/prente, spasiëring, kennis van visuele geletterdheid in aanbieding	**Ontwerpelemente:** Gekose tema toon aandag aan detail: uitleg, fronte, beelde, spasiëring, aanbieding	**Ontwerpelemente:** Basiese begrip van ontwerp-elemente/swak aangebied wat minimale moeite met vervaardiging van programnota toon
4. Algehele indruk: Uitstekende aanbieding in alle aspekte met aandag aan detail en hoë vlakke van visuele geletterdheid/kreatiwiteit getoon	**Algehele indruk:** Goeie aanbieding met alle aspekte ingesluit/aandag aan detail getoon/vlakke van kreatiwiteit getoon	**Algehele indruk:** Swak aanbieding met minimale moeite getoon/ gebrek aan kreatiwiteit

6.6 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Finale Dansvertoning

KWARTAAL 2: PAT-PRODUK FINALE DANSVERTONING – 25 PUNTE ***Die leerder kan 'n finale danswerk produseer wat die gekose tema met bedoeling en betekenis uitbring (toon driejaar-VOO-ontwikkeling):***		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
5. Interpretasie van die 2024-PAT-leerderopdrag: • Die gekose tema het 'n duidelike en herkenbare boodskap en interpreteer die opdrag met insig • Die gebruik van dans- en choreografiese elemente is ontwikkel om die gekose tema te verbeter • Simboliek in die bewegingswoordeskat word duidelik getoon om die gekose tema te versterk • Produksie-elemente wat gekies is, verbeter die gekose tema en is relevant • Kreatiewe gebruik van opvoerruimte wat die tema en bedoeling van die danswerk duidelik versterk	**Interpretasie van die 2024-PAT-leerderopdrag:** • Die gekose tema het 'n vae boodskap en die opdrag is nie met begrip gevolg nie, maar 'n goed saamgestelde danswerk is aangebied • Dans en choreografiese elemente is ingesluit, maar versterk nie die tema nie • Die bewegingswoordeskat toon nie die gekose tema nie • Produksie-elemente wat gekies/gebruik is, hou nie verband met die gekose tema nie • Die gebruik van opvoerruimte verbeter nie die gekose tema nie	**Interpretasie van die 2024-PAT-leerderopdrag:** • Minimale betrokkenheid by die opdrag • Minimale begrip van die driejaar-VOO-proses in die ontwikkeling van 'n PAT-danswerk • Minimale betrokkenheid by/belangstelling in die proses en produk om met 'n groep te werk om 'n finale produk te skep • Gebruik van opvoerruimte is beperk en verbeter nie die tema nie
6. Opvoerkwaliteit: • Spanwerk goed gevestig om hoë gehalte opvoerkwaliteit te produseer, om bewegings op te voer wat by die gehoor aansluiting vind/impak/ fokus en toewyding • Fokus en toewyding word deurgaans getoon en betrek die gehoor	**Opvoerkwaliteit:** • 'n Bietjie spanwerk om voldoende opvoerkwaliteit te produseer, interpretasie van bewegings vind op plekke nie aansluiting by die gehoor nie • Fokus en toewyding op plekke getoon	**Opvoerkwaliteit:** • Spanwerk is minimaal en lewer lae opvoerkwaliteit: interpretasie van bewegings is beperk en kan nie 'n gehoor betrek nie • Fokus en toewyding is minimaal
7. Algehele indruk: • Genaturaliseerde opvoering deur die groep wat aandag aan detail, akkuraatheid, projeksie en hoë opvoerkwaliteit deurgaans toon	**Algehele indruk:** • Presisie vertoning deur die groep wat akkuraatheid, projeksie en opvoerkwaliteit in die danswerk toon	**Algehele indruk:** Vertoning nie voldoende geoefen deur die groep nie wat beperkte opvoerkwaliteit in die danswerk toon

7. INSPIRASIE EN HULPBRONNE

Hieronder is 'n lys bronne wat as vertrekpunt vir die leerdernavorsingsreis gebruik kan word. Onderwysers kan dit as vertrekpunt gebruik of hull eeie materiaal verkry wat vir hulle konteks geskik is.

IDEE 1:	• https://youtu.be/O02JZBLJnXQ • https://youtu.be/BG68AcqHV0s • https://youtu.be/0ia2qO3ZqJ8 • https://youtu.be/gocZfMJIs3o
IDEE 2:	• https://youtu.be/QLykINP4_Mo • https://youtu.be/BG68AcqHV0s • https://youtu.be/Jjl4akqJmSI
IDEE 3:	• https://youtu.be/BD-z8ZqVpP8 • https://youtu.be/pBpcq0cD4Aq • https://youtu.be/rg1UzZnpeWw • https://youtu.be/E0Wwol6mVO4
IDEE 4:	• https://youtu.be/JYuOFhFrEMw • https://youtu.be/Q-sK-s_TzN0 • https://youtu.be/z4qmRhjDYXI • https://youtu.be/ZwOb0cP6VCY

8. VERWYSINGS

1. https://www.youtube.com/watch?v=sZJj6DwCqSU
2. https://www.youtube.com/shorts/RqanaeZihzY
3. https://www.youtube.com/watch?v=iZ_ofzcJLfs
4. https://sites.google.com/view/programmenote/home
5. https://padlet.com/
6. https://jamboard.google.com/?pli=1
7. https://info.flip.com/en-us.html
8. https://www.canva.com/login

9. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede ('soft skills'), soos kommunikasie, spanwerk, kritiese denke, probleemoplossing, tydsbestuur, ens., en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

Kopiereg voorbehou